



Lêer nr: 15/3/10-14/Erf_391
15/3/5-14/Erf_391

Navrae:
A. de Jager

6 April 2021

Planscape
Posbus 557
MOORREESBURG
7310

Per Geregisteerde Pos

Geagte Meneer

**VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKENDE VOORWAARDES EN VERGUNNINGSGEBRUIK
OP ERF 391, YZERFONTEIN**

U aansoek met verwysingsnommer 271-391-Yzer, gedateer 4 Desember 2020, namens H.L. Burger, het betrekking.

A. Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020), word die aansoek om opheffing van titelbeperkings in Titelakte T67246/2015, geregistreer teen Erf 391, Yzerfontein, goedgekeur, met dien verstande dat:

a) Voorwaardes C.(iv)(a), C.(iv)(b), C.(iv)(b)(i) en C.(iv)(b)(ii), wat as volg lees:

"...C.(iv)(a) The erf shall be used solely for the purpose of erecting thereon one dwelling or other outbuildings for such purposes as the Administrator may, from time to time after reference to the Townships Board and the local authority, approve, provided that if the erf is included within the area of a Town Planning Scheme, the local authority may permit such other buildings as are permitted by the scheme subject to the conditions and restrictions stipulated by the scheme.

C.(iv)(b) No building or structure or any portions thereof except boundary walls and fences, shall except with the consent of the Administrator, be erected nearer than 5 metres to the street line which forms a boundary of this erf, nor within 3 metres of the rear or 1,5 metres of the lateral boundary common to any adjoining erf, provided that with the consent of the local authority –

(i) an outbuilding used solely for the housing of motor vehicles and not exceeding 3 metres in height, measured from the ground floor of the outbuilding to the wall-plate thereof, may be erected within such side and rear space, and any other outbuilding of the same height may be erected within the rear space and side space for a distance of 12 metres measured from the rear boundary of the erf, provided that in the case of a corner erf the distance of 12 metres shall be measured from the point furthest from the streets abutting the erf;

(ii) an outbuilding in terms of sub-paragraph (i) may only be erected nearer to a lateral or rear boundary of a site than the above prescribed spaces, if no windows or doors are inserted in any wall facing such boundary..."

geheel uit Titelakte T67246/2015 opgehef word;

- b) Die aansoeker/eienaar by die Aktekantoor aansoek doen ten einde die akte dienoreenkomstig die bogenoemde opheffing te wysig;
 - c) Die volgende minimum inligting aan die Aktekantoor voorsien word ten einde die opheffing te oorweeg:
 - i) 'n Afskrif van die goedkeuring;
 - ii) Die oorspronklike Titelakte;
 - iii) 'n Afskrif van die kennisgewing beoog in artikel 43(7) soos gepubliseer in die Provinsiale Koerant;
- B.** Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226, gedateer 25 Maart 2020), word die aansoek om vergunningsgebruik op Erf 391, Yzerfontein, ingevolge artikel 70 van die Verordening goedgekeur, onderhewig aan die voorwaardes dat:

1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- a) Die vergunningsgebruik magtig 'n dubbelwooneenheid, soos in die aansoek voorgehou;
- b) Die dubbelwoonhuis so ontwerp word dat dit as 'n argitektoniese eenheid voorkom;
- c) Bouplanne aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
- d) Twee parkeerplekke en minstens een bykomende parkeerplek vir die dubbelwoonhuis voorsien word;

2. WATER

- a) Die bestaande aansluiting gebruik word en geen addisionele aansluiting voorsien word nie;

3. RIOLERING

- b) Die bestaande aansluiting gebruik word en geen addisionele aansluiting voorsien word nie;

4. ONTWIKKELINGSHEFFINGS

- a) Die ontwikkelingsheffing vir die voorsiening van grootmaat water beloop R5 445,25 en is betaalbaar deur die aansoeker/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan daarna hersien word (mSCOA: 9/249-176-9210);
- b) Die ontwikkelingsheffing vir waterverspreiding beloop R4 502,25 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/249-174-9210);
- c) Die ontwikkelingsheffing van vir riolering beloop R5612-00 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/240-184-9210);
- d) Die ontwikkelingsheffing t.o.v. die rioolsuiweringsaanleg is R8 280,00 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/240-183-9210);
- e) Die ontwikkelingsheffing vir paaie beloop R11 500,00 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/249-188-9210);
- f) Die ontwikkelingsheffing vir stormwater beloop R3 192,40 en is betaalbaar deur die eienaar/ontwikkelaar op bouplanstadium. Die bedrag is verskuldig aan die Munisipaliteit, geldig vir die finansiële jaar van 2020/2021 en kan daarna hersien word (mSCOA 9/248-144-9210);
- g) Die Raadsbesluit van Mei 2020 maak voorsiening vir 'n korting van 40% op alle ontwikkelingsheffings aan Swartland Munisipaliteit. Die korting is geldig vir die 2020/2021 finansiële jaar en kan daarna hersien word. Die korting is nie van toepassing op voorwaarde 4.a) nie.

5. ALGEMEEN

- a) Die goedkeuring is, in terme van artikel 76(2)(w) van die Verordening, geldig vir 'n tydperk van 5 jaar. Alle voorwaardes van goedkeuring moet nagekom word alvorens die okkupasiesertifikaat vir die wooneenhede uitgereik word.

Die uwe


MUNISIPALE BESTUURDER

per Departement: Ontwikkelingsdienste

AdJ/ds

Afskrifte: *Departement: Finansiële Dienste*

Departement: Siviele Ingenieurswese

Boubeheerbeampte

H.L. Burger, Posbus 50, Yzerfontein, 7351